

'n Moderne, aktuele “omkeer-kategismus”

'n Moderne, aktuele weergawe, parafrase, uitbreiding en verklaring van dele van die Heidelbergse Kategismus na aanleiding van die omkeerstrategie-gesprek in die GKSA

Dr AH Bogaards

10 September 2013

Inhoud

1. Voorwoord	4
2. Ons moet self ook omkeer na die Omkeerder.....	4
3. Ons moet weet hoé ons en ander kan omkeer.....	5
4. Die Heidelbergse Kategismus leer ons hoé. My oogmerk.....	5
5. Beperking tot enkele aspekte van die werk van Christus in die Kategismus.....	5
6. Ons Heidelbergse Kategismus geparafraseer, toegepas en uitgebrei.....	5
Vraag en antwoord 1 – die Omkeerder en Hy alleen keer sy kerk om en is daarom my heel enigste troos	5
Vraag en antwoord 2 – Hoeveel dinge moet jy weet om in die troos van hierdie Omkeerder salig te lewe en te sterwe?	6
Vraag en antwoord 43 Die Omkeerder dood die onomkeerbare ou mens deur sy Omkeer-kruis en daardeur alleen	7
Vraag en antwoord 54 Die enigste Omkeerder vergader die kerk net deur die Omkeerwoord van die kruis.....	8
Vraag en antwoord 54 (vervolg): Woord en Gees: die Woord oor die werk van die Omkeerder	9
Vraag en antwoord 65 Die Omkeer-Gees werk die geloof in die Omkeerder deur die Omkeer-Woord	9
Vraag en antwoord 86: Dankbaarheid – deur die Omkeerder!	10
Vraag en antwoord 123 Gebed om die vervulling van vraag en antwoord 54:	10
7. Sending en evangelisasie in die lig van die Kategismus.....	11
Antwoord 64: Die onmoontlike dat jy nie sending en evangelisasie sal doen nie.....	11
Vr Hoe moet ons sending en evangelisasie doen?	12
Vr Hoe doen die Omkeerder dit dan?	12
Vr Wat moet óns dan doen?.....	12
Vr Weer: Wat moet ons dan doen?	13

Vr Maar moet ons nie ook iets doen om die kerk om te keer nie? 13

Vr Hoe staan ons die Omkeerder in die Weg 13

Vr Hoe staan ons die Omkeerder se Woord in die Weg? 13

1. Voorwoord

Dit is my diepste oortuiging dat ons **in die Heidelbergse Kategismus alles het wat nodig is vir kerkomkeer of kerkvernuwing of kerkgesondheid** - watter woord (omkeer, vernuwing, gesondheid) 'n mens ook al wil gebruik.

'n Kerk wat leef by dit wat die Kategismus leer, sal kerngesond wees en sal na buite toe leef.

Ons behoort dus te weet hoé 'n kerk omkeer, want ons het in ons belydenisskrifte álles wat nodig is.

Wat vreemd aandoen in hierdie saak, is asof ons of dat hierdie dinge van die belydenis nie meer ken nie, maar ons gaan na buitelandse kerke en teoloë om ons te vertel hoé ons die kerk moet vernuwe.

My eerste stap sou eerder gewees het om die kerk van vandag aan Skrif en belydenis te toets en 'n baie ernstige studie van Skrif en belydenis te onderneem.

Ek is ernstig besorgd oor die feit dat die Kategismusprediking deur baie gemeentes losgelaat word. Dit bring is groot verarming en verskraling in ons Christus-prediking. Daarmee gaan ons kennis van die gereformeerde leer en die rykdom van die Reformasie verlore.

Waarom preek ons predikante nie meer die Kategismus nie? Waarom is dit vir ons nie meer mooi nie – dis tog die Evangelie in sy volle rykdom en samehang? Waarom is die Kategismus vir baie moeilik, ja, selfs droog? Is dit miskien omdat ons die evangelie nie meer ken nie en dat daarom die evangelie van die Kategismus (wat uit die Skrif kom) vir ons onbekend en moeilik begin word het?

Hierdie stuk van my is maar 'n paar pennestrepe. Dit is nie bedoel om volledig te wees nie.

2. Ons moet self ook omkeer na die Omkeerder

Wat die omkeerstrategie betref, moet ons weet: Ons moet ook **self omkeer en weet wat omkeer vir onself beteken**.

Ons kan nie aan ander omkeer leer en weet hoe ander (ons jeug, evangelisasiegevalle en sendingobjekte) moet omkeer, as ons dit nie ten opsigte van onself weet en die – uitsluitlik – Godswonder daarvan in ons eie lewe ervaar het nie.

Die groot vraag is: Weet ons dit nog?

3. Ons moet weet hoé ons en ander kan omkeer

Hoé keer ons om?

Hoé behou ons ons **jeug**? **Hoé keer hulle om?**

Hoe trek ons mense na die GKSA: **sendingobjekte en evangelisasiegevalle**? **Hoé keer hulle om?**

Ja, hoé?

4. Die Heidelbergse Kategismus leer ons hoé. My oogmerk

Ons Kategismus leer ons dit helder en duidelik op grond van en in naspreke van die Skrif:

- Deur Christus alleen

***Dít* is my groot doelwit en bedoeling met hierdie stuk.**

5. Beperking tot enkele aspekte van die werk van Christus in die Kategismus

In Sondag 1 kom verskillende aspekte of kante van die werk van Christus na vore: sy skuldbetaling, sy verlossing van die heerskappy van die duiwel en die mag van die sonde, sy bewaring en sy werk deur die Heilige Gees.

Ek wil my egter **beperk**. Ek wil veral konsentreer **op sy verlossing van die sondemag**: dat Hy ons deur sy verlossing nuwe mense maak, mense wat van harte gewillig is om Hom te dien. Of om dit in 'n nuwe idoom te stel: **dat Hy ons omkeer deur sy verlossing van die sondemag en hoé ons daaraan deel kry.**

6. Ons Heidelbergse Kategismus geparafraseer, toegepas en uitgebrei

Vraag en antwoord 1 – die Omkeerder en Hy alleen keer sy kerk om en is daarom my heel enigste troos

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in die vraagstuk oor **omkeerstrategie**?

Antwoord 1: Dat ek die eiendom is van my getroue **Omkeerder**, Jesus Christus. Hy het my uit alle heerskappy van die duiwel **en sondemag (van nie wil omkeer nie, soos koudheid, louheid, gebrek aan uitleef van die gemeenskap van die gelowiges, nie luister na sy Woord nie, ens)** verlos **deur sy kruis**. Daarom (hierdie daarom gryp terug na wat antwoord 1 sê : dat Christus my verlos het van alle heerskappy van die duiwel. Die daarom sê: danksy en deur sy verlossing, **sy omkeer van my aan die kruis**) maak Hy my van harte gewillig en bereid om **om te keer na sy Woord en hoe Hy gedien wil word in sy Woord en om so - deur te luister na sy Woord - vir Hom te lewe.**

1) Omkeer het álles met die verlossing van Christus te make:

- **omkeer is gewortel in Christus se verlossing van die mag van die sonde;**
- **daarom kan daar hoegenaamd geen omkeer (na binne en na buite – in die gemeente, onder ons jeug en op sendingveld en evangelisasieterrein) wees sonder die kruis en opstanding van Christus nie.**

Vraag en antwoord 2 – Hoeveel dinge moet jy weet om in die troos van hierdie Omkeerder salig te lewe en te sterwe?

Vraag 2 Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge :

1. hoe groot my sonde en ellende is (**dat my sonde so groot is, dat ek nie self wil of kan omkeer nie; ek onbekwaam is tot enige omkeer en geneig is tot alle wegkeer**);
2. hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (**dat daar net Een Omkeerder is**) en
3. hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (**dat my dankbaarheid niks anders is as verkondiging van en uitleef van die Omkeerder se werk nie**).

2) Speel die sondeleer, ons absolute sondigheid, dat ons dood is in die misdade en die sonde, nog 'n rol in ons Woordverkondiging en ons nadenke oor omkeer by onself en by buitekerklikes? Ek is van mening dat die antwoord beslis nee is.

3) Waar die sondeleer verflou en verdwyn, verskraal en kwyn die Christus-prediking en die noodsaak van die werk van Christus en word die dankbaarheid iets wat ons self doen en kan doen.

Vraag en antwoord 43 Die Omkeerder dood die onomkeerbare ou mens deur sy Omkeer-kruis en daardeur alleen

Vraag 43: Hoe help die **omkeer**-offer en **omkeer**-dood van Christus aan die kruis ons nog **in ons omkeerstrategie**?

Antwoord: Deur die **omkeer**-krag van sy kruis word ons **ou mens (die onomkeerbare “ek” wat nie self wil en nie self kan omkeer nie)** saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik (**danksy sy omkeer-werk van die kruis – waarvan so weinig wil weet of wat so min ’n rol speel**) kan ons sondige begeertes (**soos om self die kerk om te wil keer – lees: onderstebo te keer –sonder Christus en buite sy Woord om**) nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer (lees: **loffer op sy werk, dws sy werk om ons om te keer**) aan Hom toewy.

4) Die ou mens - dit is die mens wat nie wil luister na die Omkeerwoord van die kruis nie en wat hom nie wil buig onder die evangelie nie. Dit wil nie, omdat die kruis sê: Jy, o mens, is ’n nul en Christus is alles. Daarvan hou ons nie.

Die evangelie is nie na die mens (dws die mens in die algemeen) nie (Galasiërs 1:11). Inteendeel, die ou mens probeer om self – sonder evangelie, sonder Christus, sonder sy Woord, teen sy Woord in - die kerk en homself te verander.

5) Wat is ’n dankoffer? Wat is dankbaarheid? Ware dankbaarheid is een groot lofprysing aan God vir sy werk in Christus.

Ons loof (=dank) God

- **deur daardie werk van Christus te verkondig in ons gesprekke;**
- **deur sy verlossingswerk te laat sien in ons dade.**

6) Ek wil dankbaarheid nog so verduidelik:

- **Dankbaarheid is die erkenning dat net Een die kerk kan omkeer en dat Hy dit doen deur die Omkeer-Woord van sy kruis en opstanding.**
- **Ons noem hierdie erkenning geloof – die heel belangrikste dankbaarheidswerk wat daar is. Nooit word die Vader meer geprys, verheerlik en gedank nie, as wanneer ons sy Seun erken nie.**
- **Dankbaarheid is om by daardie Woord te bly, om te bely en te beleef en uit te leef dat net die Woord ons omkeer en niks anders nie.**

Vraag en antwoord 54 Die enigste Omkeerder vergader die kerk net deur die Omkeerwoord van die kruis

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God - **en nét Hy en nie menslike omkeerders nie** - vir Hom 'n gemeente ... deur sy Gees en Woord (**die enigste Omkeerinstrument**) en nie deur 'n mensewoord (=menslike omkeerplanne) nie ... vergader, beskerm en onderhou ...

7) Die Seun van God en Hy alleen doen wat ons nie kan doen nie

8) Dít moet sterk benadruk word in antwoord 54 dat wanneer die belydenis praat van die kerk (dws kerk-groei, kerk-bewaring, kerk-instandhouding):

- **word daar heeltemal niks gesê word van die mens nie, maar**
- **dit begin met ... dat die SEUN VAN GOD en ... DEUR SY GEES EN WOORD**

9) Die Seun van God en die Gees en Woord van die Seun doen wat ons mensewoord (=planne, gedagtes) nie kan doen nie.

10) Dit maak vanselfsprekend die Woordverkondiging (preek, huisbesoek, katekisasie) álles en genoegsaam.

Vraag en antwoord 54 (vervolg): Woord en Gees: die Woord oor die werk van die Omkeerder

Daar word vandag dikwels gepraat van Woord en Gees. Dit het egter so 'n vae uitdrukking geword, dat dit tog nader verklaar moet word.

11) Wat bedoel die Kategismus met Gees en Woord?

- **Die Omkeer-Woord van die kruis en opstanding van Christus. Die Omkeer-Gees bring die Omkeerder na ons toe: sy kruis en opstanding.**
- **Die ander Trooster, die Heilige Gees, bring die Trooster en sy Troos. Immers, Johannes 14:26 sê dit so duidelik: maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.**

Vraag en antwoord 65 Die Omkeer-Gees werk die geloof in die Omkeerder deur die Omkeer-Woord

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente.

12) Dit moet ons leer hoe belangrik die Omkeer-Woord en dit alleen is.

13) Dit leer ons wat die inhoud van die Omkeer-Woord van die Gees is:

- **die heilige evangelie**
- **Christus en al sy weldade.**

Vraag en antwoord 86: Dankbaarheid – deur die Omkeerder!

Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: Omdat Christus – **let wel: Christus, voorop** – ons ... ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat – **as gevolg van sy werk** - ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat – **weer die sodat van Christus** - ... ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen – **sending, evangelisasie, ons jeug!**

14) Sien ons met Wié die derde deel, die dankbaarheidsdeel van die Kategismus begin? Met Christus, met die Omkeerder, met sý vernuwende, met sý omkeerwerk.

15) Christus se werk word gevolg deur 'n sodat: “sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word”. Hierdie “sodat” lui 'n gevolg, 'n vrug in. Ons omkeer is vrug van sy werk.

1 Petrus 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

1 Petrus 2:12 en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.

Vraag en antwoord 123 Gebed om die vervulling van vraag en antwoord 54:

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u **Omkeer-Woord en Omkeer-Gees, deur die Omkeer-Woord van die kruis**, dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (= **omkeer**). Bewaar U (U, U, U – **en beslis nie ons nie, want dit sal fataal en nutteloos wees**) u kerk en laat U (U, U, U) dit groei **deur u Omkeer-Woord**. Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U **Omkeer-Woord, U kruis-Woord** opstaan, en alle kwaadwillige planne wat

teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomeheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees.

16) Omkeer is 'n gebedsaak.

17) Gebed is: pleit om die vervulling van God se beloftes in Christus; om hulpbehoewend die hande na Hom toe uit te strek.

18) Ook in v/a 123 sien ons die U,U, U – dws die Seun van God en sy Gees en Woord. Net dit alleen. Net soos in antwoord 54.

19) Ek wil hierdie bede so parafraaseer: Onse Vader, ons bid dat die enigste en getroue Omkeerder, Jesus Christus, Hy wat ons enigste troos is in die saak van omkering, die kerk sal vergader en vermeerder deur sy Omkeer-Woord en Omkeer-Gees, deur die troos van die Omkeer-Woord van sy kruis

7. Sending en evangelisasie in die lig van die Kategismus

Antwoord 64: Die onmoontlike dat jy nie sending en evangelisasie sal doen nie

... dit is onmoontlik (**let wel: onmoontlik**) dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie

19) Dit is onmoontlik dat iemand wat glo in die werke van Christus dit nie sal uitstraal na ander in woorde en werke nie, in evangelisasie- en sendingwoorde en –werke.

20) Ons sal weer moet leer wat dankbaarheid is: nie iets van myself nie, maar uitstraal in woord en daad van God se werke in en deur my. Immers, sy verlossing van die heerskappy van die duiwel maak my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (antw 1). En: agv sy kruis kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer (1. in ons oorvertel van sy werke en 2. doen van sy werke in sending en evangelisasie) aan Hom toewy.

22) Wat is dankbaarheid anders as om oral en altyd, ook op sendingveld en evangelisasieterrein, die dank-loffer oor Christus se werk in jou woorde en dade te laat weerklink en te laat sien?

22) Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Met hom/haar wat waarlik glo, gaan dit soos met die Tessalonisense: Want van julle uit het die woord van die Here weerklink nie alleen in Macedónië en Acháje nie, maar ook op elke plek het julle geloof in God uitgegaan, sodat ons nie nodig het om daar iets van te sê nie. (1 Tess 1:18).

23) Brei die GKSA miskien daarom so min uit: omdat ons so ondankbaar is, omdat ons so min Christus leef en Christus praat?

Of is dit miskien omdat ons die Omkeerder glad nie ken nie?

Vr Hoe moet ons sending en evangelisasie doen?

Antwoord: Ons kan dit nie doen nie. Die Omkeerder moet dit doen.

Ook op die evangelisasieterrein en sendingveld is die Seun van God die Een wat vergader (vgl antw 54).

Vr Hoe doen die Omkeerder dit dan?

Antwoord: Deur sy Woord en Gees (vgl antw 54) en nie anders nie.

Vergelyk ook die uitermate belangrike Vraag en Antwoord 65:

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente.

Vr Wat moet óns dan doen?

Antwoord:

1. Die **Woord** van die Omkeerder verkondig;
2. en **bid** om die vervulling van die Omkeerder se vergaderwerk (vr/antw 123)

Vr Weer: Wat moet ons dan doen?

Antwoord: Niks nie. Laat die **Omkeerder** werk en moenie sy **Omkeer-Woord** in die weg staan en sy **Omkeer-Gees** bedroef nie.

Vr Maar moet ons nie ook iets doen om die kerk om te keer nie?

Antwoord: As ons nog iets sou kon gedoen het, sou Hy nie ons enigste troos gewees het nie en **dan sou die verlossing (omkeer) nie deur sy Woord alleen gewees het nie.**

Vr Hoe staan ons die Omkeerder in die Weg

Antwoord: As ons nie die Evangelie, Christus, in sy volheid verkondig nie en as jy die Omkeerder se omkeerwerk vermeng met mense-aksies en mense-woorde.

Vr Hoe staan ons die Omkeerder se Woord in die Weg?

As ons nie bly by die Woord alleen (preek, huisbesoek, katekisasie) nie.

As die Woordverkondiging nie vir ons alles is nie.